# JEUGSEL: Halloween

## Leiers moet asb hulle Bybels saambring!

## 1. PRAISE AND WORSHIP

## 2. YSBREKER: Skattejag

- Ek gaan sakkies weggesteek met simbole en prentjies rondom halloween in
- Elke groep gaan 'n nommer kry en die groep met NET die sakkie vat met julle nommer op (EEN sakkie!!!).
- Ek gaan NIE vir die kinders vertel waaroor die les gaan nie, wanneer julle die sakkie gevind het moet die groep daarna kyk en probeer raai waaroor die les gaan.
- Die leiers moet asb NIE vir die kinders sê as hulle nie weet nie.

## 3. WAT IS HALLOWEEN? PPT

Ons gaan vanaand bietjie oor Halloween gesels, en die maklikste manier om dit te doen is deur te kyk hoeveel julle weet. Ek gaan so paar vrae vra wat julle in die groepe gaan beantwoord en dan gaan ek die antwoorde vir julle gee.

- Wanneer word Halloween gevier? (31 Oktober)
- Wie van julle vier Halloween of neem daaraan deel?
- Hoekom vier mense Halloween, wat beteken die fees?
- Wat doen mense met Halloween? (trek snaakse klere aan, speel 'trick of treat')
- Hoekom trek hulle snaakse klere aan?
- Hoekom speel hulle 'trick of treat'?
- Behalwe die klere en 'trick of treat' is daar iets wat baie kenmerkend aan Halloween is, jy hoef niks anders as dit te sien om dit weet dis Halloween nie – wat is dit? (die uitgekerfde pampoen)
- Wat beteken die uitgekerfde pampoen?

## 4. HOE MOET CHRISTENE DAN OOR HALLOWEEN DINK?

Vanaand wil ons net vir julle die feite oor Halloween gee, wat jy daarmee gaan maak is jou saak, maar dis baie belangrik dat jy AL die feite het, en nie net na al die 'lekker' goed kyk nie.

Halloween het NIKS met God te doen nie, maar alles met die dood, duisternis satan en demone.

Die Fees van Samhain word deesdae deur Sataniste die Fees van die Dood genoem. Die skrywer van die Sataniste Bybel, sê dan ook dat Halloween, 31 Oktober, die belangrikste aand van die Sataniste is. Sekere Satanistiese rituele word op hierdie dag nagekom. Sataniese vloeke word teenoor Christene, kerke en families uitgespreek. Diere (veral swart katte) en mense (veral jong kinders) word veral ook op hierdie dag aan Satan geoffer, waarna die bloed van die geofferde diere en mense gedrink word.

Halloween is dus ernstige besigheid vir Sataniste en Sataniese hekse. Wanneer kinders dan deelneem aan die gebruike van Halloween, neem hulle, sonder dat hulle weet, deel aan die verering van die Sataniese magte! Doreen Irving, wat die hoofheks in Wes- Europa was, sê: 'If Christian

parents had any idea of what Halloween REALLY is, they wouldn't even mention the word around their children.'

## 5. WAT Sê DIE BYBEL? (Nuwe Lewende Vertaling)

### 5.1 Die Bybel vertel vir ons hoe God oor hierdie dinge voel: Lees Deut 18:9-14

"Wanneer jy kom in die land wat die Here jou God aan jou gee, moet jy nie die afskuwelike gebruike na-aap van die nasies wat daar lewe nie. Byvoorbeeld, moet nooit jou seun of dogter as 'n brandoffer verbrand nie. Moenie betrokke raak by waarsêery of goëlery of by die interpretasie van voortekens of towery, of besweringe of iemand wat geeste oproep of iemand wat dooies raadpleeg nie. Enige iemand wat sulke dinge doen, is 'n gruwel vir die Here"

### 5.2 Is die duiwel jou vriend? Lees 1 Pet 5:8

"Wees versigtig! Pas op vir die duiwel se aanvalle. Hy is julle groot vyand. Hy loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verlind.

### 5.3 Wat is een van die duiwel se grootste 'tricks'? Lees 2 Kor 11:14

"Geen wonder nie! Die satan self gee immers voor dat hy 'n engel van die lig is"

### 5.4 So Wat sê God se woord oor Halloween as julle al die vrae beantwoord het?

## 6. Sluit af met gebed en deel selfone uit.